


PHAROS WOORDEBOEKE DICTIONARIES

# AKTIWITEITE VIR DIE KLASKAMER: Hoërskool

---

**TREFWOORDE:** Die vetgedrukte woord word die trefwoord genoem.



**beklemtoon** (be•klem•toon) [het beklemtoon] *hoofwerkwoord*
emphasise, stress ◆ *Herhaling in 'n gedig* ***beklemtoon*** *'n belangrike gedagte.* Repetition in a poem **emphasises** an important idea. SIN. uitlig, benadruk
■ **beklemtoning, klem** *s.nw.* stressing, emphasis

**bekommerd** (be•kom•merd) [bekommerde; bekommerder, die bekommerdste] ***byvoeglike naamwoord***
worried, concerned ◆ *Ek is baie* ***bekommerd*** *– dis laat en Gina is nog nie tuis nie.* I am very **worried** – it's late and Gina isn't home yet. SIN. besorg(d)
■ **bekommernis** *s.nw.* worry, concern
■ **bekommer** *ww.* worry

**hitte** (hit•te) *abstrakte* ***selfstandige naamwoord*** *(geen meervoud)*
heat ◆ *'n Leerder het by die sportdag flou geval as gevolg van die* ***hitte.*** A learner fainted at the sports day due to the **heat**.
SIN. warmte ANT. koue

<u>Aktiwiteit 1</u>

**Blaai na bladsy 76 in die TWEETALIGE SKOOLWOORDEBOEK en gee een trefwoord vir elk van die volgende:**

a) Proteas is 'n voorbeeld hiervan.
b) sensitief
c) Dit veroorsaak plooie tussen jou oë.

---

**FLEKSIEVORME:**

Meervoude en fleksievorme word tussen blokhakies aangedui: [ ]

In gevalle waar betekenisse verskillende fleksievorme het, word die fleksievorme by die betekenisse aangebied.

**land**[1] *naamwoord* ❶ [geen meervoud] land ♦ *Die aarde bestaan uit see en **land**.* The earth consists of sea and **land**. ❷ [lande] country ♦ *Suid-Afrika is 'n sonnige **land**.* South Africa is a sunny **country**. ❸ [lande] field, land (*Suid-Afrikaans*) ♦ *Die boer ploeg 'n **land**.* The farmer is ploughing a **field**.

**land**[2] [het geland] *werkwoord* land ♦ *Die vliegtuig het om 18:00 uit Johannesburg vertrek en sal so teen 20:00 in Kaapstad **land**.* The aeroplane left Johannesburg at 18:00 and will **land** in Cape Town at about 20:00.
► **landing** *nw.*

**land•bou** [geen meervoud] *naamwoord* agriculture ♦ *Hedendaagse boere het kennis van nuwe ontwikkelings in **landbou** nodig.* Modern farmers require knowledge of new developments in **agriculture**.

**land•dros** [landdroste] *naamwoord* magistrate ♦ *Die **landdros** sal in die hof oordeel of die beskuldigde die waarheid praat.* The **magistrate** will judge in court whether the accused is telling the truth.

Aktiwiteit 2: **Soek die volgende op in die Tweetalige Skoolwoordeboek:**

a) Die meervoudsvorme van: **a) prioriteit, b) prisma en c) skouspel**?

b) Wat is die trappe van vergelyking van **d) skuins**?

c) Wat is die verledetydsvorm van **e) herhaal**?

---

**EKSTRA INLIGTING:** Inligtingsboksies bied ekstra inligting aan:

**aan•stel•ling** [aanstellings, aanstellinge] *naamwoord* appointment ♦ *Ek het Derrick met sy **aanstelling** as voorsitter gelukgewens.* I congratulated Derrick on his **appointment** as chairman.

**aan•tal** [aantalle] *naamwoord* number ♦ *Daar was 'n groot **aantal** mense by die sokkerwedstryd.* There was a large **number** of people at the soccer match.

> 'n Mens gebruik die woord **aantal** by onbepaalde hoeveelhede en die woord **getal** by bepaalde hoeveelhede: *Daar is 'n **aantal** mense in die ongeluk dood, maar niemand weet hoeveel nie. Sewentien is 'n **getal** wat uit twee syfers bestaan.* Daar is egter gevalle waar jy sowel ***aantal*** as ***getal*** kan gebruik: *'n Groot **aantal/getal** mense het by die wedstryd opgedaag.*

Aktiwiteit 3

**Soek die volgende antwoorde in die blou inligtingsboksies in jou woordeboek:**

a) Wat is die enkelvoud van **a) graffiti**?
b) Wat is die verskil tussen **b) immigreer** en **emigreer?**
c) Waar of onwaar? In Suid-Afrika word jy as **minderjarig** beskou as jy jonger as 21 jaar is.

---

**GESENTREERDE STIPPELS/LYN:** Gesentreerde stippels verdeel die trefwoord in lettergrepe, en 'n lyn onder 'n klinker dui die primêre klem van die woord aan.

Aktiwiteit 4:

**Verdeel die volgende woorde in lettergrepe en onderstreep die deel wat beklemtoon word:**

a) laboratorium
b) koningin
c) liefdadigheidsorganisasie.

---

**ETIKETTE:** Etikette tussen ronde hakies ( ) bied ekstra gebruiksleiding. Dit baken bv. vakgebiede af. Voorbeelde van die verskillende soorte etikette kan op bladsy xii van die woordeboek gevind word bv. *sport, wiskunde, informeel, biologie* ens.

**aan•te•ken** [het aangeteken] *werkwoord* ❶ write down, make a note of ♦ ***Teken** die spreker se belangrikste punte **aan**.* **Write down** the speaker's most important points. ❷ score ♦ *Die span kon geen doele **aanteken** nie en het verloor.* The team couldn't **score** any goals and lost. ❸ (*rekenaar*) log on ♦ *Wanneer jy by 'n rekenaarnetwerk **aanteken**, moet jy 'n gebruikersnaam en wagwoord intik.* When ...

**aan•de•le•beurs** [aandelebeurse] *naamwoord* (*ekonomie*) stock exchange ♦ *'n **Aandele-beurs** is 'n plek waar aandele, effekte of ander* ...

Aktiwiteit 5:

**Watter etikette pas by die volgende woorde?**

a) gogga
b) kwartet
c) lewering
d) aanlyn

---

**WOORDSOORTE:** Die woordsoort van 'n trefwoord word in kursief gegee. Afkortings word ook aangedui.

**aan·ge·sien** *voegwoord* since, seeing that ♦ "***Aangesien*** *jy kombuis toe gaan, neem asseblief die koppies saam.*" "**Since** you're going to the kitchen, take the cups with you, please."

**aan·ge·we·se** [meer aangewese, mees aangewese] *byvoeglike naamwoord* ❶ proper ♦ "*Laat weet die skool as jy afwesig gaan wees – dis die **aangewese** ding om te doen.*" "Notify the school if you are going to be absent – that's the **proper** thing to do." ❷ best ♦ *Mario is die **aangewese** persoon vir die werk, want hy het dit al voorheen gedoen.* Mario is the **best** person for the job, because he's done it before.

**aan·gryp** [het aangegryp] *werkwoord* jump at ♦ *Jy moet die geleentheid om verder te studeer **aangryp**.* You must **jump at** the opportunity to study further.

► **aangrypend** *b.nw.*

Aktiwiteit 6:

**Benoem die woordsoorte van die onderstreepte woorde in die paragraaf:**

*Saans het hy die som noukeurig uitgewerk. Sy punte was uitstekend. Maar in die nuwe skool moes hy homself bewys. Vanjaar gaan hy stof in almal se oë skop.*

---

**AFKORTINGS ENS:** Daar word onderskei tussen:

- AFKORTINGS bv. asb.
- VERKORTINGS bv. foon i.p.v. telefoon
- SAMETREKKINGS bv. julle't

**str.** *afkorting* [straat] st., str. [street] ♦ *Die adres is Roeland**str.** 22, Kaapstad 8001.* The address is 22 Roeland **St.**, Cape Town 8001.

**straal** [strale] *naamwoord* ❶ ray ♦ *Die son se **strale** kan skadelik vir jou vel wees.* […]

**hul·le't** *sametrekking* (*informeel*) they've, they have ♦ *Zuki en Pam sê **hulle't** nog nooit van daardie musiekgroep gehoor nie.* Zuki and Pam say **they've** never heard of that band.

**Hulle't** is 'n sametrekking van die woorde **hulle het**.

Aktiwiteit 7:

**Wat is die korrekte afkortings volgens die woordeboek vir die volgende woorde:**

a) November
b) Europese Unie
c) Wat is die verskil tussen hys en hy's?

---

**VOORBEELDSINNE:** Voorbeeldsinne illustreer hoe 'n trefwoord gebruik word. Indien daar meer as een betekenis is, word dit onderskei met 'n ❶ ❷ of ❸.

**aan•neem** [het aangeneem] *werkwoord*
❶ **a** assume ♦ *"Brendan is nooit laat nie. Ek **neem aan** hy het van ons afspraak vergeet."* "Brendan's never late. I **assume** he forgot about our date." **b** suppose ♦ *"Ek **neem aan** julle het almal hard geleer vir die toets."* "I **suppose** you all studied hard for the test." ❷ adopt ♦ *Die paartjie **het** die twee seuns **aangeneem** toe hulle nog babas was.* The couple **adopted** the two boys when they were still babies. ❸ adopt, assume ♦ *Die verdagte **het** 'n vyandige houding **aangeneem** toe die polisie hom ondervra.* The suspect **adopted** a hostile attitude when the police interrogated him. ❹ take on ♦ *'n Vampier kan glo verskeie gedaantes, soos dié van 'n vlermuis of wolf, **aanneem**.* A vampire can supposedly **take on** many forms, like that of a bat or wolf. ❺ confirm ♦ *My suster is Sondag in die kerk as lidmaat **aangeneem**.* My sister was **confirmed** as a church member on Sunday.

Aktiwiteit 8:

**Maak betekenisvolle sinne met die volgende woorde deur jou woordeboek te gebruik.**

a) pous
b) faktuur
c) durf

---

**FRASES:**

Nuttige frases en samestellings word onderaan 'n bewerking aangebied.

Useful phrases and compounds are presented at the bottom of an entry.

**mal** [maller, malste] *byvoeglike naamwoord* mad [...]
**iemand mal maak** drive someone mad, drive someone crazy ♦ *Daardie geraas **maak my mal**!* That noise is **driving me mad**!
**mal oor** mad about, crazy about ♦ [...]

Sover moontlik is frases onder die naamwoord opgeneem.

As far as possible phrases are presented under the noun.

**ken•nis** *naamwoord* ❶ [geen meervoud] knowledge ♦ *Philip het 'n goeie **kennis** van* [...]
**algemene kennis** general knowledge ♦ *Dumisani verbeter sy **algemene kennis*** [...]
**in kennis stel** inform ♦ *"**Stel** asseblief* [...]

Aktiwiteit 9:

**Soek een frase by elk van die volgende woorde:**

a) herken
b) verband
c) kragte

---

**AFLEIDINGS:** Afleidings van trefwoorde verskaf inligting oor woordfamilies.

**aan•gryp** [het aangegryp] *werkwoord* jump at ♦ *Jy moet die geleentheid om verder te studeer **aangryp**.* You must **jump at** the opportunity to study further.
► **aangrypend** *b.nw.*

**aan•haal** [het aangehaal] *werkwoord* quote ♦ *Die skoolhoof **het** Shakespeare in sy toespraak **aangehaal**.* The principal **quoted** Shake-speare in his speech.
► **aanhaling** *nw.*

Aktiwiteit 10:

**Vervang die onderstreepte woorde met die korrekte afleiding uit die woordeboek:**

a) Ons ontvang ons rapporte <u>kwartaal.</u>
b) Die <u>musiek</u> (persoonsnaam) is <u>musiek</u>.
c) Nadat hy my <u>kalm</u> het, kon ek verder skryf.

---

**KRUISVERWYSINGS:**

Kruisverwysings dui aan waar jy inligting oor die trefwoord kan kry.

**stre•pies•ko•de** [strepieskodes] *naamwoord*
→STAAFKODE.

**staaf•ko•de** [staafkodes], **stre•pies•ko•de** [strepieskodes] *naamwoord* bar code ♦ *Elke item in 'n supermark behoort 'n **staafkode** te hê.* Every item in a supermarket should have a **bar code**.

Aktiwiteit 11:


**Vervang die onderstreepte woorde met die kruisverwysings soos dit aangedui is in die Tweetalige Skoolwoordeboek:**

a) My vader was vir ’n warrelwindtoer na Durban.
b) Hy het ’n nuwe kar gaan koop, maar die informasie in die advertensie was heeltemal foutief.

---

## HOMONIEME

Woorde wat dieselfde gespel word, maar verskillende betekenisse het (homonieme) word met boskrifnommers gemerk.



**was**[1] [geen meervoud] *naamwoord* wax ♦ *Die meeste kerse word van* ***was*** *gemaak.* Most candles are made of **wax**.
► **wasagtig** *b.nw.*
**was**[2] *werkwoord (verlede tyd)* →IS, WEES.

Aktiwiteit 12**:**

**Slaan die verskillende betekenisse van die volgende homonieme in die Tweetalige skoolwoordeboek na en maak twee betekenisvolle sinne met elk om die verskil aan te dui.**

a) nou
b) erf
c) top
d) toon

**BLAAI OM VIR MEMORANDUM**

## MEMORANDUM: WOORDEBOEKAKTIWITEITE

Aktiwiteit 1:

a) fynbos
b) fyngevoelig
c) frons

Aktiwiteit 2:

a) prioriteite
b) prismas
c) skouspele
d) skuinser, skuinsste
e) het herhaal

Aktiwiteit 3:

a) graffito
b) Iemand **i**mmigreer (**i**nkom) om in dieselfde land as jy te woon, maar **e**migreer (**e**xit) om in iemand anders se land te gaan woon.
c) Onwaar: 18 jr.

Aktiwiteit 4:

a) la-bo-ra-to-ri-um
b) ko-nin-gin
c) lief-da-dig-heids-or-ga-ni-sa-sie

Aktiwiteit 5:

a) gogga: informeel
b) kwartet: musiek
c) lewering: elektrisiteit
d) aanlyn: rekenaar

Aktiwiteit 6:

a) saans: bywoord (van tyd)
b) noukeurig: bywoord (van wyse)
c) uitgewerk: werkwoord
d) sy: voornaamwoord
e) uitstekend: b.nw. (predikatief)
f) maar: voegwoord
g) nuwe: b.nw. (attributief)
h) bewys: werkwoord
i) in: voorsetsel
j) almal: voornaamwoord

Aktiwiteit 7:

a) November: Nov.

b) Europese Unie: EU
c) hys: Die hoofseun hys die skoolvlag.
   hy's: Hy is.

Aktiwiteite 8:

a) pous: Die pous is die hoof van die Rooms-Katolieke Kerk.
b) faktuur: Al ons aankope is op die faktuur gelys.
c) durf: Jy durf dit nie waag nie.

Aktiwiteit 9:

a) herken **aan**
b) **in** verband **met**
**c)** **al jou** kragte **inspan**

Aktiwiteit 10:

a) Ons ontvang ons rapporte kwartaal**liks**.
b) Die musi**kant** (persoonsnaam) is musi**kaal**.
c) Nadat hy my kalm**eer** het, kon ek verder skryf.

Aktiwiteit 11:

a) vader: pa; warrelwindtoer: blitstoer
b) kar: motor; informasie: inligting

Aktiwiteit 12: Leerders moet 2 sinne by elk maak om die volgende verskillende betekenisse te verduidelik:

a) nou: op hierdie oomblik / smal
b) erf: plot (s.nw.) / inherit (ww.)
c) top: bokant / hempie
d) toon: tone aan voet / stemtoon / wys